

Die gebruik van die voegwoord *wanneer* in bysinsinlywing

The use of the Afrikaans conjunction “wanneer” (when) in subordinate clause embedding

JOHANNA J.E. MESSERSCHMIDT
Departement Kurrikulumstudie
Universiteit van die Vrystaat
messerjj.hum@ufs.ac.za



Johanna J.E.
Messerschmidt

JOHANNA J. E. (HANNEKE) MESSERSCHMIDT is 'n mede-professor in die Departement Kurrikulumstudie aan die Universiteit van die Vrystaat. Haar onderrigtaak sluit die aanbieding van modules in Vakonderwys Tale op voorgraadse vlak en Navorsingsmetodologie op nagraadse vlak in. Sy gee ook studieleiding aan M.- en D.-studente in Kurrikulumkunde. Sy het 'n leidende rol gespeel in internasionale navorsingsprojekte wat in samewerking met die Katolieke Universiteit Leuven, die Universiteit Antwerpen, die voormalige Universiteit Vista en die Universiteit van die Vrystaat in Mangaung onderneem is. Benewens die deskriptiewe linguïstiek sluit haar navorsingsbelangstellings taalverwerwing (Afrikaans en Suid-Sotho), taalonderrig en onderrigtaale in.

JOHANNA J. E. (HANNEKE) MESSERSCHMIDT is an associate professor in the Department of Curriculum Studies at the University of the Free State. She teaches modules in Subject Education Languages on an undergraduate level and Research Methodology on post graduate level. She supervises both M. and Ph. D. students in Curriculum Science. She was the instigator of several international research projects in co-operation with the Catholic University of Leuven (Louvain), the University of Antwerp, Vista University and the University of the Free State. Apart from descriptive linguistics her research interests are in language acquisition (Afrikaans and Southern Sotho), language teaching and languages of teaching and learning.

ABSTRACT

The use of the Afrikaans conjunction “wanneer” (when) in subordinate clause embedding
The Afrikaans conjunction “wanneer” (when) originated in Dutch with the meaning “at which time”. This paper describes the use of “wanneer” in subordinate clause embedding. A follow-up article will discuss hypotactic combining. The description follows the cognitive grammar paradigm. In accordance with that paradigm real examples of actual usage are quoted. Relationships between form and meaning are explored with the understanding that there are no clear boundaries between syntactic and semantic categories. A wide variety of examples was obtained by examining a large corpus of documents obtained from the Internet. Table 1 specifies the usage categories observed. Two important categories, i.e. embedding of a subordinate clause as a constituent in the main clause and embedding in a constituent are discussed in depth.

As background the usage of “wanneer” as adverb and the transition from adverb to conjunction are briefly discussed. Examples are quoted where “wanneer” is a pure adverb and further examples where “wanneer” is transformed into a conjunction. For example, by using reported speech or by answering questions “wanneer” can be transformed from an adverb to a conjunction. As a conjunction “wanneer” is a typical subordinating conjunction that is followed by the typical Afrikaans subordinate clause ordering. Syntactically “wanneer” introduces a subordinate clause, but semantically the subordination is not always valid as is the case with other subordinating conjunctions.

The difference between embedding and hypotactic combining is explained following Taylor, using “participants” and “circumstances”. Participants are inherent entities that are complements of the main verb. Circumstances are optional modifiers; they can be omitted in a sentence.

In embedding *as* constituent the subordinate clause introduced by “wanneer” is a complement of the main verb. It is therefore a participant and cannot be omitted. In the corpus the following types of incorporation *as* a constituent were observed: object, subject, predicate and complement of an intransitive verb. Subordinate “wanneer” clauses as objects of transitive verbs were observed following “communication” verbs. When “wanneer” clauses were observed as subjects the use of an empty “dit” (it) as temporary subject was also seen. In copula constructions, “wanneer” clauses were found as copulative predicates. Sometimes an author mixes the references to time and space, using time as a metaphoric space. Complements of intransitive verbs using “wanneer” were found in sentences with verbs like “plaasvind” (take place), “gebeur” (happen), “ontstaan” (originate) and “voorkom” (occur). Huddleston and Pullum describe a similar phenomenon in English with the verbs “happen”, “live”, “occur” and “take place” which take complements of temporal location.

Embedding *in* a constituent represents a deeper kind of embedding. The “wanneer” clause now forms a post qualifier to a plethora of words or word groups. This article discusses nouns, noun clauses, prepositions, comparatives and infinitives. “Wanneer” clauses used as post qualifiers to nouns, show similarities to relative clauses. Following Ponelis they can be called adverbial relative clauses. The “wanneer” clause can be restrictive or appositional. The antecedent of the restrictive “wanneer” clause is a time indicator like “dag” (day), “maand” (month), “jaar” (year), “geleentheid” (occasion), “oomblik” (instant), “moment” (moment), “punt” (point) and “dag en datum” (day and age). In some cases “wanneer” can be replaced by “waarop” (whereupon).

An appositional adverbial subordinate clause provides further information about the antecedent. The connection between the main clause and the subordinate clause is weaker and is usually reflected by punctuation. Sometimes the “wanneer” clause is separated from the antecedent by the verb. There is a range of looseness between appositional subordinate clauses and their antecedents from immediate to parenthetical. Typical antecedents are adverbials like “later” (later).

“Wanneer” clauses can act as complements to prepositions like “oor” (over) “van” (of) and “vir” (for). The “wanneer” clause forms part of the prepositional group that is incorporated as a complement or post qualifier of another clause. Comparative constructions using “wanneer” can be comparisons of equality or comparisons of inequality. Comparisons of inequality use the comparative degree of an adjective + “as wanneer ...” (than when...) while comparisons of equality use “soos wanneer ...” (as when ...).

Embedding in an infinitive is another example of deep embedding. In the quoted examples the “wanneer” clause is a time adverbial to the verb in the infinitive. This infinitive is a constituent

in a subordinate clause that is embedded as an object clause. The adverbial only qualifies the infinitive verb and can be seen as a local qualifier. The “wanneer” clause is less adverbial because the infinitive has noun characteristics.

There are various borderline cases. The examples being actual usage data do not always consist of a single main clause and a single subordinate clause. Examples are given of embedding of the “wanneer” clause together with its main clause into relative and complement clauses. Coordination with other time adverbials is also documented. Hidden or elided clauses were also observed.

While hypotactic combining is not the central theme of this paper a few examples are given to contrast hypotactic combining and embedding.

The paper concludes that “wanneer” can be used in a variety of embedding constructions. This variety manifests itself primarily on the syntactical level. On the semantic level “wanneer” manifests itself as an indicator of time, expressed as an event. “Wanneer” has categorical relationships with interrogative pronouns and interrogative adverbs. This has led to it being described as an interrogative conjunction. When incorporated as a constituent in the main clause, it shows a close relationship to the so called “grammatical conjunctions” “dat” (that) and “of” (or). There is a clear difference in the use of “wanneer” in embedding and hypotactic combining. “Wanneer” shows its similarities to other temporal and causal conjunctions mainly in hypotactic combining. The use of “wanneer” in embedding is therefore a less conjunctive use.

KEY CONCEPTS: Conjunction; “wanneer” (when); Afrikaans; subordinate clause embedding; hypotactic combining; complement; adjunct; relative clause; cognitive grammar; corpus based; usage data.

TREFWOORDE: Voegwoord; *wanneer*; bysinsinlywing; hipotaktiese verbinding; komplement; adjunk; betreklike bysin; kognitiewe grammatika; korpus-gebaseerd; taalgebruiksdata.

OPSOMMING

By die ontleding van gebruiksdata, blyk dat *wanneer* in Afrikaans as bywoord en voegwoord in 'n verskeidenheid konstruksies gebruik word. Die doel van hierdie artikel is om die gebruik van die voegwoord *wanneer* in bysinsinlywing te beskryf. Bysinsinlywing word as 'n soort onderskikking beskou wat van hipotaktiese verbinding verskil met betrekking tot die kohesie tussen die bysin en die hoofwerkwoord. Twee soorte bysinsinlywing staan sentraal in die beskrywing, naamlik inlywing van 'n *wanneer*-sin as sinsdeel en inlywing van 'n *wanneer*-sin by 'n sinsdeel. As sinsdeel vervul die *wanneer*-sin die funksie van onderwerp, voorwerp, kopulatiewe predikaat of komplement van 'n onoorganklike werkwoord. As nabepaling word 'n *wanneer*-sin by naamwoordstukke, voorsetselgroepe en infinitiewe ingelyf. Verwantskappe met betreklike voornaamwoorde asook met die bywoord *waar*, blyk baie duidelik uit die data. Verdere verwantskappe met die komplementeërs *dat* en *of* by inlywing as sinsdeel kom na vore. Verwantskappe met ander temporele en kousale voegwoorde word hoofsaaklik in hipotaktiese verbindings geopenbaar.

Op semantiese vlak bly die basiese betekenis van “op die tyd dat” grootliks behoue. Die ingelyfde *wanneer*-sin dui tyd of omstandighede in terme van 'n gebeurtenis aan. In 'n opvolgartikel kom die gebruik van die voegwoord *wanneer* in hipotaktiese verbindings aan bod.

1. INLEIDING

Uit inskrywings in verskeie woordeboeke (byvoorbeeld Geerts & Heestermans 1992; Odendal & Gouws 2005) en die besprekings in grammatikaboeke, kan afgelei word dat die leksikale item *wanneer* as 'n bywoord met die betekenis “op watter tyd/tydstip” en as voegwoord met die betekenis “op die tyd dat/as”, beskou word. Wanneer gebruiksdata ontleed word, blyk egter dat *wanneer* in Afrikaans in 'n verskeidenheid konstruksies met 'n verskeidenheid betekenisnuanses voorkom en dat sintaktiese en semantiese klassifikasie nie altyd voor die hand liggend is nie.

Die doel van hierdie artikel is om die gebruik van die voegwoord *wanneer* in bysinsinlywing te beskryf. Deur die studieveld sodanig af te baken, kan groter diepte en noukeurigheid in die analise verkry word, as wat die geval sou wees indien al die gebruike van *wanneer* in een artikel van beperkte omvang beskryf sou word. Om by konstruksies wat bysinsinlywing verteenwoordig uit te kom, word twee verskille as relevant beskou, naamlik die onderskeid tussen *wanneer* as bywoord en *wanneer* as voegwoord en die onderskeid tussen inlywing en hipotaktiese verbinding.

Die beskrywing geskied binne die raamwerk van die kognitiewe linguistiek (Van Huyssteen 2002:303-323) en meer spesifiek die kognitiewe grammatika (Langacker 2000; Taylor 2003a). Een van die aannames van hierdie teorie en deelteorieë is dat die grammatika inherent betekenisvol is (Taylor 2003a; Van Huyssteen 2002:315-316). Verwantskappe tussen vorm en betekenis van konstruksies word ondersoek met die aanname dat sintaktiese en semantiese kategorieë nie duidelike grense het nie (Lakoff 1987:12-26; Taylor 2003b:xiv). 'n Verdere aanname binne die gekose raamwerk is dat taalgebruiksdata sentraal in taalkundige beskrywings en verklarings staan (Taylor 2003a:314; Van Huyssteen 2002:316). Daarom is werklike taaldata wat uit 'n korpus Afrikaanse dokumente verkry is, die sentrale objek van beskrywing in hierdie artikel.

2. DATA-INSAMELING EN -ONTLEDING

De Schrijver (2002) verwys na die Internet as korpus vir Afrikaans. Vir die onderhawige navorsing is outentieke dokumente van die Internet afgetrek. Hulle sluit die volgende soorte in: koerantberigte, akademiese artikels, preke, prosa en webbladsye.

In die dokumente wat versamel is, kom 2621 sinne met *wanneer* voor. Hierdie sinne met *wanneer* is bestudeer ten einde sintaktiese en semantiese patrone in die data bloot te lê. Die rekenaar is as 'n hulpmiddel ingespan om klassifikasie van konstruksies te vergemaklik. As gevolg van die gebrek aan 'n struktuurontleder vir Afrikaans kon sinsontleding egter nie outomaties gedoen word nie en die grootste werklading het by die navorser self berus.

Alhoewel 'n groot aantal voorbeelde van die gebruik van *wanneer* in die korpus ingesluit word, is die doel nie om statistiese frekwensies van konstruksies te bereken nie (vergelyk Dancygier & Sweetser 2006:23). Die beskrywing is eerder kwalitatief. Dit gaan meer om die aard van 'n konstruksie as oor die frekwensie daarvan in hierdie spesifieke korpus. Taalgebruik wissel geweldig met genre en individuele skryfstyl. 'n Voordeel van die korpus is dat algemene gebruike sowel as seldsame gevalle wat nog nie gedokumenteer is nie of waarvan die navorser as taalgebruiker nie bewus is nie, aan die lig kom.

Die outentieke voorbeelde uit die korpus staan sentraal in die teks. Daar word slegs 'n beroep op die idiolek van die skrywer gedoen in gevalle van noodsaaklike toeligting.

Die analise van die data het die volgende breë gebruikskategorieë blootgelê.

TABEL 1: Gebruikskategorieë van *wanneer*

	Woordkategorie	Verwante woordkategorieë
1	Vraende bywoord, ook in selfnoem-funksie.	Vraende voornaamwoorde en bywoorde, bv. <i>wie, wat, waar, hoe</i> .
2	Voegwoord: bysin is ingelyf as sinsdeel in hoofsin	Betreklike voornaamwoorde en bywoorde, bv. <i>wie, wat, waar</i> en die voegwoorde <i>dat</i> en <i>of</i> .
3	Voegwoord: bysin is ingelyf by sinsdeel as nabepaling	Betreklike voornaamwoorde en bywoorde, voorsetselgroepe en temporele voegwoorde, bv. <i>toe, nadat</i> .
4	Voegwoord in hipotaktiese verbindings	Voegwoorde, bv. <i>as, indien, toe, nadat, voordat</i> .

Kategorieë 2 en 3 word in hierdie artikel in diepte geanaliseer. Twee soorte bysinsinlywing kom dus aan bod, naamlik inlywing van 'n *wanneer*-sin **as** sinsdeel en inlywing van 'n *wanneer*-sin **by** 'n sinsdeel.

3. KONTEKSTUALISERING: VAN BYWOORD TOT VOEGWOORD

As agtergrond tot die beskrywing van bysinsinlywing word die volgende oorsigtelik bespreek: die gebruik van *wanneer* as bywoord, die oorgang na voegwoord en gebruike as voegwoord.

3.1 *Wanneer* as bywoord

In die volgende voorbeelde kom *wanneer* as vraende bywoord voor:

- (1) *Wanneer* het u laas geëet en/of gedrink? (SASA Acacia s.d.).
- (2) *Wanneer* moet ek my verligter neem? (Green s.d.).
- (3) *Wanneer* sal mense God weer in die kerk ontdek? (Driescher 2004).

In bostaande voorbeelde wil die spreker weet op watter tydstip iets gebeur het of nog moet/sal gebeur. Dit is moontlik dat die gebeure een maal of herhaaldelik plaasvind.

As antwoord op 'n vraag ingelei deur *wanneer* kan 'n verskeidenheid tydwoorde of -bepalings deur 'n spreker gegee word, bv. *vandag, om drie-uur, in die oggend, wanneer die son sak*, ens. In die laaste geval is die bepaling 'n bysin wat tyd in terme van 'n gebeurtenis uitdruk. Soos *waar* die vraende teenhanger van die plekaanduiding *daar* is, kan *wanneer* of *wan* (Cloete, Jordaan, Liebenberg & Lubbe 2003) as die vraende teenhanger van die tydaanduidende bywoord *dan* beskou word.

Die vraende bywoord kan ook in sy selfnoemfunksie voorkom en tree dan as selfstandige naamwoord op, dikwels saam met ander vraagwoorde wat ook as naamwoorde optree, bv.

- (4) Kortliks, die *hoekom, wie, hoe* en *wanneer* moet duidelik in 'n bondige dokument uitgespel word, wat die werkplan van die projekteier beskryf (UV s.d.).

In bostaande voorbeeld word die reeks voorafgegaan deur die lidwoord *die*, wat die naamwoordelike aard beklemtoon.

3.2 Van bywoord tot voegwoord

Die kategorie voegwoord kan as 'n redelik geslote woordkategorie beskou word. Tog is dit moontlik om nuwe lede toe te voeg, soos blyk uit die gebruik van *indat* in hedendaagse Afrikaans (Messerschmidt & Messerschmidt 2006). Ponelis (1979:181) wys op die oorgang van voorsetsels na voegwoorde. “Die klas voegwoord word dus voortdurend uit ander bronne aangevul” (Ponelis 1979:438). Diachronies gesien is voegwoorde in Afrikaans uit voorsetsels en bywoorde gevorm. Harris (1988:87) wys ook op die verskynsel dat in Engels en Romaanse tale voegwoorde uit bywoorde gevorm kan word.

Voorbeelde (5) tot (7) illustreer die verband en moontlike oorgang tussen hierdie tradisionele kategorieë:

- (5) *Wanneer* moet ek my verligter neem? (Green s.d.).
- (6) Die pasiënt vra *wanneer* sy haar verligter moet neem.
- (7) Jy moet die verligter neem *wanneer* dit nodig is.


In die indirekte rede wanneer die woorde gerapporteer word, kan (5) omgesit word na (6). *Wanneer* is nou “omgeskakel” na 'n voegwoord wat 'n bysin inlei wat as voorwerp van die werkwoord *vra* optree. Dit is dus 'n komplement binne die werkwoordstuk wat die hoofwerkwoord bevat. Die tweede manier van omskakeling volg duidelik uit (7) wat 'n moontlike antwoord op (5) is. In (7) lei *wanneer* 'n bywoordelike bysin van tyd in. Hierdie bysin het die funksie van adjunk in die hoofsin. Dit dui die omstandighede aan waaronder die verligter geneem moet word. Die neem van die verligter is nie gekoppel aan 'n spesifieke dag of uur nie, maar aan 'n gebeurtenis of toestand. Die adjunk is ekstern tot die werkwoordstuk wat die hoofwerkwoord bevat. Die onderskeie strukture word in figuur 1 voorgestel. Die adjunksin beklee dieselfde posisie in die werkwoordstruktuur as wat die bywoord *wanneer* in (5) sou beklee het.

3.3. *Wanneer* as voegwoord

Die sintaktiese optrede van *wanneer* is tipies van onderskikkende voegwoorde in Afrikaans in die opsig dat dit 'n bysin met die sogenaamde bysinsvolgorde of afhanklike sinsvolgorde (Ponelis 1979:495) inlei. Hoewel 'n *wanneer*-sin op sintaktiese vlak as 'n afhanklike sin uitgeken word, is die ondergeskiktheid soos in die geval van ander onderskikkende voegwoorde (Grevisse 1969:130; Matthiesen & Thompson 1988:303), nie altyd op die semantiese vlak geldig nie.

Soos in tabel 1 (afdeling 2) aangedui, tree *wanneer* as voegwoord in verskillende soorte konstruksies op. Dit impliseer dat die kategorie onderskikking in subkategorieë verdeel kan word. Hierdie subkategorieë verteenwoordig posisies op 'n kontinuum van sinsverbinding of –integrasie wat van los verbinding tot diep inlywing strek (Lehmann 1988:181-189, Messerschmidt 1997:272; Taylor 2003a:430-431).

Matthiessen en Thompson (1988:311-312) wys op die belangrikheid om te onderskei tussen hipotaktiese verbinding (hipotaksis) en inlywing en om nie hierdie konstruksies in een kategorie van onderskikking saam te voeg nie. Volgens die skrywers verskil hierdie konstruksies nie slegs grammatikaal nie, maar het hulle ook radikaal verskillende diskoersfunksies. Ook Lehmann (1988:181-225) verwys na die onderskeid tussen hipotaktiese verbinding en inlywing binne die kategorie onderskikking. In tradisionele taalbeskrywings word hierdie onderskeid nie eksplisiet getref nie. Bosch (1984:276-279) beskryf verskillende gebruike van die voegwoord *wanneer* as *wanneer*-inkorporasies. Ook in haar voorbeelde onderskei sy nie tussen verskillende soorte onderskikking



Figuur 1: Komplement versus adjunk

nie. Tog blyk uit haar verwysing na Van Es en Van Caspel (Bosch 1984:276) dat sekere gebruike van *wanneer*, soos dié “waarin die hipotetiese of voorwaardelike faset oorheers”, meer tipies van ’n voegwoord is as ander. Paardekooper (1971:143-146) onderskei tussen grammatikaal verbindende (*dat, of*) en logies verbindende voegwoorde (*omdat, hoewel, nadat*, ens.). Ten opsigte van *wanneer* onderskei hy tussen ’n voornaamwoordelike en ’n voegwoordelike gebruik m.b.v. voorbeeldsinne soos die volgende:

- (8) *Wanneer* ie komt weet ik nog niet.
- (9) *Wanneer* ie komt is alles in orde.

Hy beskou *wanneer* in (8) as ’n vraende voornaamwoord. Overdiep (1937:598) weer beskou dit as ’n vraende voegwoord in soortgelyke konstruksies. Hoewel tradisionele taalbeskrywings dus nie eksplisiet tussen verskillende soorte onderskikking onderskei nie, word daar tog ’n onderliggende onderskeid tussen verskillende funksies van die voegwoord *wanneer* getref.

Die onderskeid tussen inlywing en hipotaktiese verbinding kan op grond van Taylor (2003a:416) as die verskil tussen deelnemers in 'n sin en omstandighede getref word. Deelnemers (*participants*) is inherente entiteite wat as komplemente van die werkwoord optree. Hulle word binne die semantiese struktuur van die werkwoord voorgestel, bv. die onderwerp en die voorwerp van 'n transitiewe werkwoord (of 'n predikaat). Deelnemers moet eksplisiet gestel word. Omstandighede (*circumstances*) is nie-inherente entiteite wat as opsionele modifiseerders beskou word. Hulle is weglaatbaar in die sin. Hierdie verskil kan geïllustreer word ten opsigte van die weglaatbaarheid al dan nie van die bysin in (10) en (11), wat die onaantvaarbare, onvolledige (12) en die aantvaarbare onafhanklike (13) onderskeidelik lewer.

- (10) Die tema van elke Seisoenfees bepaal *wanneer* dit gevier word: Soms word dit op die vooraand van die Sabbat gevier, soos Wintersonomkeer (Groen s.d.).
- (11) *Wanneer* alles gereed was vir die groot snoekvangs, het hulle oorgetrek na die Agterbaai naby Stompneus (Brink s.d.).
- (12) *Die tema van elke Seisoenfees bepaal.
- (13) Hulle het oorgetrek na die Agterbaai naby Stompneus.

Bogenoemde onderskeid kan ook in terme van die onderskeid tussen komplemente en adjunkte beskryf word (Huddleston & Pullum 2002:694; Radford 1988:231-239). Daar kan aanvaar word dat daar verskillende grade van kohesie tussen die werkwoord en bywoordelike bysinne geld (vgl. Chomsky 1965:101).

4. BYSINSINLYWING

Soos reeds in tabel 1 aangedui, kan daar op grond van die data tussen inlywing **as** sinsdeel en inlywing **by** 'n sinsdeel onderskei word. Hierdie twee soorte inlywing van *wanneer*-sinne word vervolgens onder die loep geneem. Daarna word gebruike van *wanneer* wat as grensgevalle tussen inlywing en hipotaktiese verbinding beskou kan word, bespreek.

4. Inlywing as sinsdeel

In hierdie soort konstruksies word die *wanneer*-sin by die werkwoordstuk as komplement van die hoofwerkwoord ingelyf. In die terminologie van Taylor (2003a:416) kan dit dus as 'n deelnemer in die "hoofsin" beskou word. In die korpus word *wanneer*-sinne as die volgende sinsdele ingelyf: voorwerp, onderwerp, predikaat en komplement van 'n onoorganklike werkwoord.

4.1.1 Voorwerp

In die volgende voorbeelde kom *wanneer*-sinne as voorwerpe van oorganklike werkwoorde wat as kommunikasiewerkwoorde (Ponelis 1979:207-208) beskou kan word, voor:

- (14) Jy sal *agterkom* *wanneer* dit nodig raak: die plant sal begin kwyne en van sy wortels kan selfs by die ou pot se dreineringsgate begin uitgroeie (Mieliestronk s.d.).
- (15) Jy kan *uitvind* *wat* met jou aansoek gebeur het en *wanneer* jy betaling kan verwag deur die gratis nommer van die Wes-Kaapse Maatskaplike Dienste, 0800-220-250, te skakel (Wes-Kaapse Maatskaplike Dienste 2004).
- (16) Kyk, my Meester, nou het U my die menigte van wonders getoon wat U sal begin doen in die laaste dae, maar U het my nie *gewys* *wanneer* en *op watter tyd* dit sal gebeur nie (Van Rensburg s.d.).

In (15) is daar twee voorwerpsinne na *uitvind* wat deur *wat* en *wanneer* onderskeidelik, ingelei word. In (16) is daar weereens 'n kombinasie van komplementsinne. In hierdie geval is altwee temporeel van aard. Ellips kom in die twee newegesikte voorwerpsinne voor, wat volledig soos volg kon gewees het:

(17) U het nie gewys *wanneer* dit sal gebeur nie en *op watter tyd* dit sal gebeur nie.

Wanneer en *op watter tyd* is op die oog af sinonieme. Dit is egter nie duidelik of die skrywer hierdie redundansie vir beklemtoning gebruik nie en of hy/sy met die tweede tydkomplement na 'n meer spesifieke tyd binne die eerste tyd verwys nie.

4.1.2 Onderwerp

In die volgende voorbeelde tree die *wanneer*-sin as onderwerp op.

- (18) Dit is nie seker presies *wanneer* die tendens begin het en *wanneer* dit sal eindig nie (Appèlhof 2003).
- (19) Hy sal mos nie sy kop ordintlik draai vanlat daai hou hom getref het nie. "Dit is nog onduidelik *of* en *wanneer* Terre' Blanche op korrektiewe toesig vrygelaat sal word" (Huisgenoot 2002).
- (20) *Wanneer* jy hier lees beteken dit nie noodwendig dat jou gebed NET so beantwoord gaan word nie (Anoniem s.d.).

In (18) en (19) kom die leë *dit* as voorlopige onderwerp voor. Die sinne kan soos volg herformuleer word:

- (21) *Wanneer* die tendens begin het en *wanneer* dit sal eindig is nie presies seker nie.
- (22) *Of* en *wanneer* Terre' Blanche op korrektiewe toesig vrygelaat sal word is nog onduidelik.

In (18) kom twee neweskikkende *wanneer*-sinne voor en in (19) is daar sprake van 'n neweskikking van 'n *of*- en 'n *wanneer*- sin met ellips. In beide gevalle is die werkwoord die koppelwerkwoord *is*. In (20) kom die *wanneer*-sin in die normale onderwerpsposisie voor. 'n Leë *dit*, wat weglaatbaar is, kom in die hoofsin voor. Die werkwoord is nie 'n koppelwerkwoord nie, maar 'n oorganklike werkwoord wat 'n voorwerpsin as komplement het.

4.1.3 Kopulatiewe predikaat

In kopulatiewe konstruksies kom *wanneer*-sinne ook as kopulatiewe predikate voor.

- (23) Die ander uiterste is natuurlik *wanneer* iemand doelbewus bv. na Engels of Afrikaans oorslaan om sekere mense uit te sluit uit die gesprek (Lawrence 2001).
- (24) Ek weet nie of dit met julle ook so werk nie, maar een van die plekke waar my trane die vinnigste rol, is *wanneer* daar iets binne my gesin of familie gebeur wat my diep raak (Nell 2004).

Dit is interessant dat die spreker/skrywer in (24) die verwysing na ruimte (*plekke waar*) en tyd (*wanneer*) meng. Tyd word metafories as 'n plek beskou.

4.1.4 Komplement van onoorganklike werkwoord

In voorbeelde (25) tot (27) tree *wanneer*-sinne as komplemente van daarstellende werkwoorde soos *plaasvind*, *gebeur*, *ontstaan* en *voorkom* op. *Dit* in die tweede sin van (25) en in (27) verwys terug na 'n proses in die vorige sin.

- (25) Termverwarring *vind plaas wanneer* twee woorde wat soortgelyk klink met mekaar verwar word. Dit *gebeur* veral *wanneer* terme uit meer as een stam bestaan (Murray-Smit 2003).
- (26) 'n Genus-spesiefout *ontstaan wanneer* twee dinge wat in 'n algemeen-spesifiekverhouding teenoor mekaar staan aan mekaar gelyk of soortgelykwaardig gestel word, en as eweknie hanteer word i.p.v. as genusse en spesies van mekaar (Murray-Smit 2003).
- (27) Dit kom voor *wanneer* 'n te spesifieke term gebruik word om na 'n algemener ding te verwys (Murray-Smit 2003).

Huddleston en Pullum (2002:694) wys op 'n soortgelyke verskynsel vir Engels. 'n Klein groepie werkwoorde, waaronder *be, happen, live, occur, take place*, neem komplemente van "temporal location". In die korpus kom hierdie soort konstruksie in stellings wat as definisies beskou kan word, voor. 'n Begrip word in terme van 'n proses of die resultaat van 'n proses of handeling omskryf. Hierdie neiging blyk ook duidelik uit die volgende voorbeeld:

- (28) Definisie van normale bot: *wanneer* eerste groen ogies op draers verskyn (Campbell 2002).

Wanneer-sinne kan dus as deelnemers in hoofsinne optree. Hulle word as volwaardige sinsdele, nl. komplemente van die hoofwerkwoord, ingelyf. Die moontlikheid om sodanige funksies in die saamgestelde sin te vervul, word deur die sintaktiese en semantiese aard van die betrokke hoofwerkwoord bepaal. Dit wil voorkom of 'n *wanneer*-sin in sy funksie as voorwerp en onderwerp (4.1.1 en 4.1.2) as meer naamwoordelik beskou kan word as in die geval van komplement van 'n daarstellende werkwoord (4.1.4).

4.2 Inlywing by 'n sinsdeel

Die soort konstruksie wat in hierdie afdeling bespreek word, verteenwoordig 'n dieper inlywing as die inlywing as sinsdeel, wat hierbo bespreek is. Die *wanneer*-sin tree nou binne sinsdele op en vorm 'n nabepaling by 'n verskeidenheid woordsoorte (eindkategorieë) en woordgroepe. Die volgende kom aan bod: naamwoorde en naamwoordstukke, voorsetsels, vergelykingswoorde en infinitiewe.

4.2.1 Nabepaling in 'n naamwoordstuk

Die *wanneer*-sinne wat as nabepaling van naamwoorde voorkom, vertoon ooreenkomste met betreklike bysinne. In die terminologie van Ponelis (1979:467) kan hulle **bywoordelike betreklike bysinne** genoem word. Net soos gewone (naamwoordelike) betreklike bysinne, kan hierdie soort bysinne óf beperkend óf bystellend optree.

4.2.1.1 Beperkende bywoordelike betreklike bysinne

Beskou die volgende voorbeelde:

- (29) Nog erger is dat daar van tyd tot tyd persone kom wat 'n voorspelling maak van *dag en datum wanneer* Jesus op die wolke sal kom (Nel 2004).
- (30) Dink jy met kommer aan *die dag wanneer* jy dit nie meer sal kan doen nie? (Hugg Homes s.d.).
- (31) ... en die erediens is *die geleentheid wanneer* die hele gesin saam kuier (De Beer s.d.).

Kernnaamwoorde wat in die data voorkom, sluit die volgende in: *dag, jaar, maand, geleentheid, oomblik, moment, punt*, asook die kombinasie *dag en datum*. Die antesedent van *wanneer* is dus 'n aanduiding van tyd.

Die bysinne is beperkend, hulle gee 'n individualiserende beskrywing van die antesedent. Hulle het 'n parallel in beperkende betreklike bysinne soos in (32) hieronder wat met (30) vergelykbaar is.

- (32) Dink jy met kommer aan *die dinge wat jy nie meer sal kan doen nie?*

Betreklike woorde van plek, nl. *waar* en samestellings met *waar*, kom ook in bywoordelike betreklike konstruksies voor. In sommige gevalle kan *wanneer* deur *waarop* vervang word. In die voorbeeld hieronder word sowel *wanneer* as *waarop* as inleiers van bysinne met die tydaanduiders *jaar* en *maand* respektiewelik as kernnaamwoorde in die antesedente, gebruik.

- (33) Met betrekking tot *die spesifieke tyd binne die finansiële jaar wanneer* aankope gedoen word, is daar bevind dat die meeste aankope gedoen is in *die maand waarop* die belastingjaar eindig (Theunissen 2004).

Dit is moontlik dat die spreker met *waarop* 'n meer afgemete tydstip of tydinterval as *wanneer* aandui. 'n Maand word as 'n soort plek beskou en ons het weereens met die metaforiese gebruik van ruimte vir tyd te doen (vgl. (24)). Dit sou moontlik wees om in (33) die jaar ook as 'n ruimte te beskou en *wanneer* met *waarin* te vervang.

4.2.1.2 Bystellende bywoordelike bysin

Bystellende bysinne verskaf addisionele inligting oor die antesedent. Hulle is dus uitbreidend en nie beperkend nie. Die losser verband tussen die hoofsin en bysin word in die punktuasie gereflekteer. Gewoonlik word dié soort bysinne deur 'n komma van die hoofsin geskei, soos in (35) en (36) hieronder. In (34) kom geen komma voor *wanneer* voor nie, maar ook nie tussen die twee werkwoordvorme *word* en *breek* nie.

- (34) Later *wanneer* liedjies gesing en speletjies gespeel word breek die biegtid aan (Kulte Inligting & Evangelisasie Sentrum s.d.).
- (35) Hulle beman die toring net gedurende die winter, *wanneer* die gras droog en die brandgevaar groot is (Van Rooyen 2004).
- (36) Hopelik sal historiografe later, *wanneer* meer studies oor persoonlikhede uit dié tyd verskyn het, Pienaar se betekenis as voorloper nog duideliker in 'n wyer konteks kan plaas (Kapp 2002).
- (37) Ons weet dat die wysheid en die een waarheid eers met die aandskemering sal daal *wanneer* die uil van Minerva haar vlug begin (Du Toit 2003).

In (37) word die antesedent *met die aandskemering* deur die werkwoord van die *wanneer*-sin geskei. Dit kom voor by dieper ingebedde sinne waar die hoër sin van die bysin self 'n bysin is en bysinsvolgorde vertoon. Daar is 'n skaal van relatiewe losheid tussen bystellende bysinne en hulle antesedente wat strek van voorbeelde soos (34) tot by (38) en (39) hieronder, waar die *wanneer*-sin 'n nagedagte is of parenteties gebruik word.

- (38) Die sonkrag is op sy sterkste en die energiespiraal uit die Aarde sit in die vrugte en blomme. Dis 'n sterk groeitydperk, *wanneer* alle lewe opreik na die son (Groen s.d.).
- (39) Hierdie leerders het moontlik 'n onvermoë om toegang te hê tot inligting wat mondeling oorgedra word (bv assesseringsinstruksies of *wanneer* assesseringstake opgeklaar word) (Departement van Onderwys 2002).

In die korpus volg bywoordelike bystellende bysinne op naamwoordstukke, voorsetselstukke en bywoorde van tyd. Enkele voorbeelde is die volgende: *tot die regte tyd, op 'n Vrydagaand om*

21h00, Vrydaemiddae, in die oggend, gedurende die lewe, middag of aand, dikwels, snags, jaarliks. Soms word omstandighede eerder as tyd uitgedruk, bv. in 'n onsekere situasie.

4.2.2 Voorsetselkomplement

Wanneer-sinne tree as komplemente van die voorsetsels *oor*, *van* en *vir* op. Dit kan as diep inlywing beskou word. Die *wanneer*-sin vorm deel van 'n voorsetselgroep wat in sy geheel as komplement of nabepaling (modifiseerder) by 'n ander sinstuk ingelyf is. In (40) hieronder tree die voorsetselgroep in die werkwoordstuk wat die werkwoord *verskil* as kern het, op. Dit is deel van die vaste uitdrukking *van mekaar verskil oor*. In (41) is die kern van die uitdrukking *afhangende van* 'n afleiding van 'n werkwoord.

- (40) Kerkdenominasies mag *van mekaar verskil oor wanneer* Christus na die aarde gaan terugkeer en oor baie ander dinge (Mercy Street Ministries 2002).
- (41) *Afhangende van wanneer* kastrasie plaasvind, sal die eunug dus voorspelbare liggaamseienskappe hê soos ook reeds in die 1ste en 2de eeue deur onder andere Aretaeus van Kappadosië en Clemens van Alexandrië noukeurig beskryf is (Retief & Cilliers 2002).

Verdere voorbeelde van vaste uitdrukings in die korpus is *navraag doen oor*, *met die uitsondering van*, *oë open vir*. In enkele uitsonderlike gevalle is die uitdrukings minder geïk, bv.

- (42) Ons spook om 'n huurwoningstel te kry *vir wanneer* die 4 nuwe mans spanlede hier opdaag (Anoniem 1994).
- (43) Van die wonderlikste *verhale* wat ek in die verband gehoor het is *van wanneer* gelowige vrouens op die wyse begin bid het vir hulle ongelowige mans! (Nel 2005)

4.2.3 Verbinding met 'n vergelykingswoord

Hier word 'n *wanneer*-sin as tweede deel in 'n vergelykingskonstruksie ingelyf. Daar kan tussen vergelyking van verskil en vergelyking van ooreenkoms onderskei word.

4.2.3.1 Vergelyking van verskil

Kenmerkend van hierdie konstruksie is die voorkoms van 'n adjektief in die vergrotende trap gevolg deur as + *wanneer*-sin, bv.

- (44) Indien een boek verkoop verdien die skrywer *minder as wanneer* tien boeke verkoop word (Cyberleap s.d.).

Wanneer vertoon in hierdie konstruksie korrelasies met *wat*, bv.

- (45) ... help intelligensie jou niks *meer as wat* jou bankbalans jou help nie (Morris s.d.).

4.2.3.2 Vergelyking van ooreenkoms

Beskou die volgende voorbeelde:

- (46) Daar is waarskynlik ook min emosies wat *so sterk* is, *soos wanneer* daar 'n verskil of konflik in 'n familie was en daar weer versoening plaasvind (Nell 2004).
- (47) *Soos wanneer* die waarheid vir jou skielik helder en duidelik word, *so* sal die leser dit ondervind wanneer hy die boek lees (Van der Zel s.d.).

- (48) Onthou dat dit vir pa/ma baie moeilik gaan wees om sonder alkohol klaar te kom. Dit is *amper soos wat* dit vir jou is *wanneer* mens van skool verwissel (Wright 2005).

In (46) kom 'n aanduiding van graad na 'n adjektief in die konstruksies *so + adjektief + soos/as + wanneer*-sin voor. In hierdie geval is die *wanneer*-sin deel van die adjektiefstuk waarvan *sterk* die kernadjektief is. In (47) word die konstruksie *soos + wanneer*-sin by die bywoord *so*, wat sterk klem dra, ingelyf. Die *wanneer*-sin volg nie noodwendig dadelik op *soos* nie. In (48) kom daar twee nabepalingsinne na hierdie vergelykingswoord voor, die eerste een ingelei deur *wat*, die tweede een deur *wanneer*. Die *wat*-sin is weglaatbaar sonder veel betekenisverlies:

- (49) Dit is amper *soos wanneer* mens van skool verwissel / *soos wanneer* jy van skool sou verwissel.

Voorbeelde (46), (47) en (48) stem ooreen in dié opsig dat hulle gelykheid tussen die twee dele van 'n vergelyking aandui. Dit is egter slegs eersgenoemde voorbeeld wat 'n graad aandui (vgl. Huddleston & Pullum 2002:1104).

Die vergelykingswoord *soos* dui nie noodwendig op 'n egte vergelykingskonstruksie nie, maar kan gebruik word om na 'n spesifieke verteenwoordigende geval of voorbeeld te verwys. In (50) kan *soos* deur *byvoorbeeld* vervang word:

- (50) Mense ruil dikwels inligting tydens groepaktiwiteite uit, *soos wanneer* hulle 'n land skoffel ... (Meyer 2004).

Hierdie gebruik van *soos wanneer* stem ooreen met dié van 'n bystelling.

4.2.3 Inlywing by 'n infinitief

Hier is weereens sprake van diep inlywing. Beskou die volgende voorbeelde:

- (51) Sy verstaan dat dit bitter moeilik is om te bly glo of vertrou *wanneer* swaarkry en seerkry lank aanhou (Roekeloos s.d.).
 (52) Maar dit beteken nie dat hulle die reg opsê om hulp te vra *wanneer* hulle dit wel die dag nodig het nie (Hugg Homes s.d.).

In (51) is die *wanneer*-sin 'n bywoordelike bepaling by *glo* of *vertrou* wat deel is van die infinitief wat op sy beurt as predikaat optree van 'n sin wat weer op sy beurt as voorwerpsin ingelyf is. In (52) is die *wanneer*-sin 'n bywoordelike bepaling by die werkwoord *vra*, wat in die infinitief voorkom wat op sy beurt by die naamwoordstuk *die reg* ingelyf is. Hoewel hier sprake is van bywoordelike bepaling, is hierdie bepaling slegs op die werkwoord in die infinitief van toepassing en kan hulle dus as "lokaal" beskou word. Die *wanneer*-sinne is minder bywoordelik omdat infinitiewe ook minder werkwoordelik (meer naamwoordelik) as "vervoegde" werkwoorde is.

4.3 Inlywing van saamgestelde sinne

Omdat die korpus uit werklike gebruiksdata saamgestel is, bestaan die voorbeelde nie altyd uit die eenvoudige konstruksie van 'n hoofsin met 'n bysin nie. Dikwels word 'n saamgestelde sin waarvan 'n *wanneer*-sin as adjunksin deel uitmaak, as geheel in 'n struktureel hoër sin ingelyf. In die korpus word ingelyfde saamgestelde sinne deur onderskikkings- en betreklike voornaamwoorde ingelei, nl. *dat*, *sodat*, *wat*, *waarin* en *waarmee*. 'n Voorbeeld van 'n saamgestelde sin wat as komplementsin ingelyf is, is die volgende:

- (53) Dit is gevolglik redelik om te aanvaar *dat* die historiese oorsig van arbeidsverhoudinge vir albei soort ondernemings ewe belangrik is *wanneer* beleggingsbesluitneming plaasvind (Mostert, Mostert & Steel 2004).

Die *wanneer*-sin is 'n bywoordelike bepaling by die werkwoord van sy hoofsin. Die komplekse sin kan ook ontrafel word sodat die verhouding tussen 'n gebeurtenis en die omstandighede waaronder dit plaasvind, duidelik blyk:

- (54) Die historiese oorsig van arbeidsverhoudinge is vir albei soort ondernemings ewe belangrik *wanneer* beleggingsbesluitneming plaasvind.

Die gevalle van inlywing by 'n hoër sin kan as grensgevalle tussen inlywing en hipotaktiese verbinding beskou word. Dit wil voorkom of die *wanneer*-sin van 'n hipotaktiese verbinding meer kohesie met sy hoofwerkwoord vertoon wanneer die hele konstruksie dieper ingelyf word.

4.4 Verborgte sinne

Soms volg daar slegs een woord op *wanneer*, bv.

- (55) Droog suiker in oond *wanneer* *klonterig* (Erasmus s.d.).
 (56) Brand groen hout en blare *wanneer* verdwaal (Erasmus s.d.).

Onderliggend aan die kombinasie *wanneer* + adjektief is 'n sin, bv.

- (57) Droog suiker in die oond *wanneer* *dit* *klonterig is/geword het*.
 (58) Brand groen hout en blare *wanneer* *jy* *verdwaal het*.

Sommige van die konstruksies van hierdie soort is meer geyk as ander, vergelyk byvoorbeeld: *wanneer* *beskikbaar* en *wanneer* *van toepassing* teenoor *wanneer* *staties*. In hierdie soort konstruksie het die hoofsin en bysin as 't ware tot een sin saamgesmelt. Dit sou as die hoogste graad van sinsintegrasie beskou kon word (Taylor, 2003a:431). Daar is egter 'n ander beskouing moontlik, naamlik ellips in 'n bysin van 'n hipotaktiese verbinding.

Daar is ook 'n tussenstadium van verkorting, waar die werkwoord behoue bly, soos in (59), waar slegs ellips van die onderwerp *dit* voorkom.

- (59) Dit ontplof in dodelike skerwe *wanneer* *te warm word* (Erasmus s.d.).

5. HIPOTAKTIESE VERBINDING

Hipotaktiese verbinding of verbindende onderskikking is nie die sentrale fokus van hierdie artikel nie, maar word wel kortliks bepreek omdat die veelsydigheid van die gebruike van *wanneer* daardeur beklemtoon word. Belangrike verskille, veral op sintaktiese vlak, tussen hierdie konstruksie en inlywing is reeds hierbo bespreek. Hier word volstaan met enkele semantiese verskille.

In die algemeen verwys 'n *wanneer*-sin na 'n tyd(stip) wat in terme van 'n gebeurtenis beskryf word. In die onderstaande (reeds bekende) voorbeeld word uitgedruk dat daar 'n tydstip was waarop alles gereed was vir die groot snoekvangs. Teen hierdie agtergrond word die handeling in die hoofsin beskryf.

- (60) *Wanneer* alles gereed was vir die groot snoekvangs, het hulle oorgetrek na die Agterbaai naby Stompneus (Brink s.d.).

Daar bestaan 'n temporele verhouding tussen die bysin en die hoofsin. Uit die gebruiksdata blyk dat *wanneer* ook 'n verskeidenheid ander, meer abstrakte, semantiese verhoudings kan sinjaleer, waaronder voorwaarde, gevolg en waarskuwing.

- (61) *Wanneer* alles afgehandel is, sal 'n egskeidingsbevel toegestaan word (Nortje s.d.). [voorwaarde]
- (62) Bystanddiens sal slegs gelewer word *wanneer* daarvoor ooreengekom is (Die Rapportryersbeweging s.d.). [voorwaarde]
- (63) *Wanneer* daar geen beplanning in 'n tuin is nie, sal daar vanselfsprekend onkruid groei (Kühn 2004). [gevolg]
- (64) Laat dit aan almal meegedeel word dat *wanneer* julle teen My gesalfdes te staan kom, dan kom julle teen My te staan (Newkirk 2002). [waarskuwing]

Die verskynsel van betekenisuitbreiding van *wanneer* in hipotaktiese verbindings is vergelykbaar met dié van ander temporele voegwoorde soos *nadat*, *voordat* en *terwyl* (Messerschmidt & Messerschmidt 2006 en 2007).

6. GEVOLGTREKKING

Die voegwoord *wanneer* lei in 'n groot verskeidenheid konstruksies 'n bysin in wat as sinsdeel of by 'n sinsdeel in 'n hoofsin ingelyf word. Hierdie verskeidenheid word veral op sintaktiese vlak gemanifesteer. Op semantiese vlak word die basiese betekenis van tyd(stip), uitgedruk in terme van 'n gebeurtenis, handeling, proses of toestand grootliks behou. Hieraan verwant is die betekenis van omstandigheid. As aanduiders van tyd kom *wanneer* voor saam met ander tydsbepalings, bv. *gedurende*. Dit kom ook voor saam met plekaanduiders wat metafories tyd aandui.

Kategorieverwantskappe met voornaamwoorde blyk duidelik. *Wanneer* as bywoord maak deel uit van die paradigma van vraagwoorde waarin vraende bywoorde sowel as vraende voornaamwoorde voorkom. Hierdie assosiasie is ook in die betreklike gebruik van *wanneer* sigbaar, veral waar dit saam met ander betreklike woorde voorkom. 'n Besondere parallel met *waar* kan hier getrek word. Die meer voornaamwoordelike gebruik van die voegwoord *wanneer* het waarskynlik tot benamings soos “vraende voornaamwoord” en “vraende voegwoord” (vgl. 3.3) aanleiding gegee. 'n Ander verwantskap, naamlik dié met die komplementeerders of sogenaamde grammatikale voegwoorde *dat* en *of* kom by inlywing as sinsdeel na vore.

In die gebruik van die voegwoord *wanneer* is daar dus 'n duidelike kategorie **inlywing** wat van **hipotaktiese verbinding** verskil, alhoewel die grense nie altyd duidelik is nie. Dit is hoofsaaklik in hipotaktiese verbindings dat *wanneer* ooreenkomste met ander temporele en kousale voegwoorde vertoon. Die gebruik van *wanneer* in bysinsinlywing sou dus as minder voegwoordelik as in hipotaktiese verbinding beskou kon word.

Verdere navorsing, wat oor die gebruik van *wanneer* in hipotaktiese verbindings handel, word in 'n opvolgartikel bespreek.

BIBLIOGRAFIE

Databronne

- Anoniem. s.d. *Getuigenisse*. <http://www.go.to.co.za/lenten/bverseker%20E.htm> [16 Maart 2005].
- Anoniem. 1994. *Briewe. Desember 1994*. <http://www.geocities.com/Heartland/Valley/7378/Briewe/94desember.htm> [16 Maart 2005].

- Appèlhof. 2003 *Saak 220: de Jongh vs. du Pisanie*.
- Brink, A. s.d. Snoektyd. In *West Coast Explorer*. <http://www.sawestcoast.com/bsnoek.html> [15 Maart 2005].
- Campbell, H. 2002. Rusbreek *Riglyne vir Tafeldruiwe*. http://www.dftpresearch.co.za/Table%20Grapes/rusbreek_riglyne_vir_tafeldruiwe_.htm [14 Maart 2005].
- Cyberleap. s.d. *Hoe word skrywers betaal vir hulle werk?* <http://thewritersnetwork.org/cms/index.php?id=174> [15 Maart 2005].
- De Beer, J. s.d. *Riglyne vir ouderlinge wat eredienste moet lei*. <http://www.ngkn.com.na/artikel2.htm> [15 Maart 2005].
- Departement van Onderwys. 2002. *Assesseringsriglyne vir Inklusiewe Onderwys*. <http://education.pwv.gov.za/content/documents/253.pdf> [16 Maart 2005].
- Die Rapportryersbeweging. s.d. *Die nuwe dienskontrak vir huiswerkers*. <http://home.intekom.com/rrb/Huiswerkers%20kontrak.doc> [15 Maart 2005].
- Driescher, B. 2004. *Boekerubriek*. <http://www.garspark.org.za/Op%20soek%20na%20God%20buite%20die%20kerk.htm> [16 Maart 2005].
- Du Toit, C. 2003. Toeriste met oop visums: Reiservaringe in 'n Globale Kultuur. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 43(1&2):13-21.
- Erasmus, F. s.d. *Riglyne vir Oorlewing*. <http://www.siener.co.za/SIENER/RiglyneOorlewingFrans.htm> [16 Maart 2005].
- Green, R. s.d. *Hou Asthma onder beheer*. <http://www.asthma.co.za/articles/ref15.htm> [18 Maart 2005].
- Groen, J. s.d. Die wiel van die jaar. In *Spinnelap*. Mowbray: FutureManagers. <http://www.spinnerak.co.za/spinnerak2.htm> [16 Maart 2005].
- Hugg Homes. s.d. <http://www.hugghomes.org.za/why%20have%20hugg%20homes%20AFRIKAANS.htm> [16 Maart 2005].
- Huisgenoot 2002. *Rondom E.T.* 27 Junie 2002:15.
- Kapp, P.H. 2002. Voorloper waarheen? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 42(4):326-334.
- Kulte Inligting en Evangelisasie Sentrum. s.d. *Psigiese Beheer*. <http://www.gksa.org.za/kies/Mind%20Control/mind%20control.htm> [16 Maart 2005].
- Kühn, F. 2004. Pitkos: Gedagtes kan jou lewe verander. *Volksblad* 7 Julie 2004:4.
- Lawrence, D.C. 2001. *Afrikaans-Engels kodewisseling: 'n instrument vir die effektiewe hantering van multitalige en multikulturele situasies*. Paper delivered at the National Conference on Challenges for Language Teaching in the new Millenium, University of Potchefstroom, 28 – 30 June 2001. http://www.tsa.ac.za/corp/research/papers/dlawrence2001_afrkode.doc [15 Maart 2005].
- Mercy Street Ministries. 2002. *Gebedsevangelisasie*. <http://www.mercystreet.com/afrikaans/chapter14-afr.html> [15 Maart 2005].
- Meyer, H.J.W. 2004. Die rol van inligting in armoedeverligting. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 44(2 & 3):123–135.
- Mieliestronk. s.d. *Potte vol plesier*. <http://www.mieliestronk.com/potjie.html> [14 Maart 2005].
- Morris, G. s.d. *Liefdevolle God*. (vertaal deur E. Smit) <http://net-burst.net/hot/drunka.htm> [24 Mei 2007].
- Mostert, J.H., Mostert, F.J. & Steel, S.J. 2004. Belangrikheid van arbeidsverwante risikofaktore vir beleggingsbesluitneming insake die bate-allokasie van langtermynversekeraars. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 44(1):62-71.
- Murray-Smit, S. 2003 *Wenke vir amateurtermiskrywers*. <http://www.leuce.com/translate/termhelp-a.html> [15 Maart 2005].
- Nel, C. 2005. *Gebedsreeks 5 – Wanneer ons bid, word dinge gebore*. <http://www.woes.co.za/content.asp?contentid=693> [15 Maart 2005].
- Nel, L. 2004. *Die wederkoms*. <http://www.noordkus.co.za/oordenk/dag%202004-01-22.htm> [16 Maart 2005].
- Nell, I. 2004. *Ons gee uiting aan emosies*. <http://www.sonstraal.org.za/4preek2004.htm> [18 Maart 2005].
- Newkirk, L. 2002. *Vanaf die Berg, Boek VII*. <http://www.prophecies.org/afrikaans/boek7/hoof19.htm> [16 Maart 2005].
- Nortje, S. s.d. *Egskeiding en kinders*. http://web.eject.co.za/keerpunt/egskeiding_en_kinders.htm [15 Maart 2005].

- Retief, F.P. & Cilliers, J.F.G. 2002. Die eunug in die klassieke mitologie en samelewing. *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 21(4):121–128.
- Roekeloos. s.d. *As jou voete wil gly*. (Boekresensie) <http://www.Roekeloos.co.za/boekrak/boekra77.html> [25 Mei 2007].
- SASA Acacia. s.d. *Voorwaardes vir Narkose*. http://www.acaciasasa.co.za/wwwacaciasasaAll/b_Public/Afrikaans/voorwaardes.htm [14 Maart 2005].
- Theunissen, P. 2004. *Belastingimplikasies by die aankoop van 'n voertuig*. <http://www.computus.info/Downloads/Bakkiebelasting.PDF> [15 Maart 2005].
- Universiteit van die Vrystaat. s.d. *Beleid ten opsigte van die bemerking van fondswerwingsprojekte*. http://www.uovs.ac.za/support/marketing/docs/1A_market.pdf [15 Maart 2005].
- Van der Zel, D. s.d. *Boekbespreking: Die wonder van Jesus in die Ou Testament*. <http://www.reformed.org.za/afrikaans/Boeke/Die%20Wonder%20van%20Jesus%20in%20die%20Ou%20Testament.htm> [18 Maart 2005].
- Van Rensburg, N. (Siener). s.d. *Die Tweede Boekrol van Ezra*. <http://www.siener.co.za/wysbv.php?bid=9> [14 Maart 2005].
- Van Rooyen, C. 2004. Wagtoring vir brande, wilddiewe. *Landbouweekblad* 27, Augustus 2004.
- Wes-Kaapse Maatskaplike Dienste 2004. *Toelaag vir Pleegsorg vir 'n Kind (Pleegsorgtoelaag)*. <http://www.capegateway.gov.za/afri/directories/services/11586/47472> [15 Maart 2005].

LITERATUUR

- Bosch, A.B. 1984. *'n Sintaktiese ondersoek na die gebruik van onderskikkende voegwoorde en sinsverbindende woorde in Afrikaans*. Ongepubliseerde proefskrif: Rhodes Universiteit.
- Chomsky, N. 1965. *Aspects of the theory of syntax* (eleventh impression 1976). Cambridge, Massachusetts: The M.I.T. Press.
- Cloete, A.E., Jordaan, A., Liebenberg, H.C. & Lubbe, H.J. 2003. *Etimologiese Woordeboek van Afrikaans*. Kaapstad: Buro van die WAT en Van Schaik Electronic.
- Dancygier, B. & Sweetser, E. 2006. *Mental spaces in grammar: conditional constructions*. Cambridge Studies in Linguistics 108. Cambridge: Cambridge University Press.
- De Schrijver, G-M. 2002. Web for/as Corpus: A Perspective for the African Languages. *Nordic Journal of African Studies*, 11(2):266-282.
- Geerts, G. & Heestermans, H. 1992. *Van Dale Groot Woordeboek der Nederlandse Taal* (twaalfde uitgawe). Antwerpen: Van Dale Lexicografie.
- Grevisse, M. 1969. *Le Bon Usage. Grammaire Française* (negende hersiene uitgawe). Gembloux: Editions J. Duculot.
- Harris, M. 1988. Concessive clauses in English and Romance. In Haiman, J. & Thompson, S.A. *Clause combining in grammar and discourse*. Amsterdam: John Benjamins.
- Huddleston, R. & Pullum, G.K. 2002. *The Cambridge grammar of the English language*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Lakoff, G. 1987. *Women, Fire, and Dangerous Things. What Categories Reveal about the Mind*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Langacker, R.W. 2000. Grammar and conceptualization. *Cognitive Linguistics Research* 14. Berlin: Mouton de Gruyter.
- Lehmann, C. 1988. Towards a typology of clause linkage. In Haiman, J. & Thompson, S.A. (reds). *Typological studies in language* 18. *Clause combining in grammar and discourse*. Amsterdam: John Benjamins.
- Matthiesen, C. & Thompson, S.A. 1988. The structure of discourse and 'subordination'. In Haiman, J. & Thompson, S.A. *Clause combining in grammar and discourse*. Amsterdam: John Benjamins.
- Messerschmidt, J.J.E. 1997. Voegwoorde sonder grense. In Kotzé, E.F. (samesteller). *SA Linguistiek 1997*. Referate gelewer tydens die 33ste Jaarkongres van die Linguistevereniging van Suider-Afrika (LVSA) gehou aan die Universiteit van Natal (Durban), 2-4 Julie.
- Messerschmidt, J.J.E. & Messerschmidt, H.J. 2006. Die kategorisering van onderskikkers: enkele kenmerke van dat-samestellings. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 24(1):7-22.
- Messerschmidt, J.J.E. & Messerschmidt, H.J. 2007. Beeldskemas van tydsduur: die polisemiese aard van

- terwyl, onderwyl en wyl*. Southern African Linguistics and Applied Language Studies, 25(1):57-73.
- Odendal, F.F. & Gouws, R.H. (reds.). 2005. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT)* (vyfde uitgawe). Kaapstad: Pearson Education South Africa.
- Overdiep, G.S. 1937. *Stilistiese grammatica van het moderne Nederlandsch*. Zwolle: Tjeenk, Willink.
- Paardekooper, P.C. 1971. *Beknopte ABN-syntaksis*. Den Bosch: Malmberg.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Radford, A. 1988. *Transformational Grammar: a first course*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Taylor, J.R. 2003a. *Cognitive Grammar* (third impression). Oxford: Oxford University Press.
- Taylor, J.R. 2003b. *Linguistic categorization*. Oxford: Oxford University Press.
- Van Huyssteen, G. B. 2002. Teoretiese vooronderstellings van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel vir die Afrikaanse grammatika. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 20(4):303-323.